

**BEROEPENUUS— (4 Augustus 2013)****Beroepe ontvang**

Ds. JH Grobler van Louis Trichardt na Bloemfontein-Suidheuwels  
Ds. AB van der Walt van Lichtenburg na Koster

**SUSTERS-**

DV op Saterdag 17 Aug. 2013 om 14h00 kom spreek sr Xandra Boersema ons gemeente toe oor die bediening van die Here se Woord aan gevangenis in Suid-Afrika se tronke. Hier is 'n besondere geleentheid om daarby betrokke te raak. U sal ook by vandag se Krugertjie 'n bylaag vind wat nog deur wyle dr. Aalwyn Bezuidenhout hier rondom opgestel was. Almal in die gemeente word versoek om hierdie inisiatief deur ons susters aangepak te ondersteun. Ons sal graag mooier en beter meelewing wil beleef!!

**FOTO-PROJEK—**

U is al geruime tyd bewus van sr Muriel van der Dussen wat ons help deur foto's te neem. Die doel is dat ons mekaar moet ken en vir mekaar in die gemeente omgee. Daar is lidmate wat gesê het dat hulle vir haar foto's elektronies gaan aanstuur dan hoef sy hulle nie ook af te neem nie. Ons wil graag almal wat dit wil doen daartoe aanmoedig. Die adres waarheen u dan die foto's kan stuur is [muriel@muriel.co.za](mailto:muriel@muriel.co.za). Ander wat nog afgeneem moet word meld asb. by sr Muriel aan...

**GEMEENTEKAMP—**

Ons jaarlikse gemeentekamp vind DV. hierdie jaar 20-22 Sept. 2013 plaas. Ons wil dit naby Pretoria hou by Mopani-lodge. Al die gegewens is op die kennisgewingbord. Die kostes is duidelik uiteengesit. Kom ons skryf ons name op van wie almal saamgaan. As daar enige onduidelikheid, probleme of hulp is wat u verlang om die kamp by te woon kan u oudl. Boere Smith kontak— 0834823303. Ons is dankbaar vir die reëlings wat br. Boere en die kommissie klaar getref het. Ons maak dit vir hulle makliker en voltooi solank ons inskrywings en doen ons inbetalings. Merk net duidelik *Gemeentekamp*

**WAT BETEKEN DIE KERK VIR U –** JA Breytenbach- *Vervolg van verlede week*  
Ongehoorsaamheid en onbekeerlikheid het tot gevolg dat die kerk valse kerk word en dat die ware kerk verplig is om in gehoorsaamheid aan Christus hulle van hierdie juk los te maak. Hoe kan ons vir mense help wat onder die laste van 'n onbybelse kerklike binding gebuk gaan? Ons moet met hulle praat oor ons belydenis. Onthou: daar is sgenaamde kerke van gereformeerde belydenis waar die kategismusprediking 'n vreemde verskynsel geword het. Die gereformeerde lewensfeer in sy omvang word nooit aangeleer en van kinsbeen af ingeasem nie. Die probleem is dat ons soms praat in belydenistaal, en dat mense dan beaam wat ons sê. Maar die betekenis wat hulle aan Bybelse en belydenisbegrippe heg, verskil van die betekenis wat dit vir ons het. Hierdie begrippe word nie in hulle eenheid en heilshistoriese verband verstaan nie, maar meestal op die klank van woorde af, in 'n metodiese en subjektiewe heilsordelike raamwerk. *Word vervolg*

05/08– Louis Henning 0123217107	07/08– Pieter van der Dussen (jr.) 0824167188
05/08– Gerrit Riphagen 0123294540	09/08– Alta de Ridder 0126441520
06/08– Elzette Raath 0832948100	09/08– Hendrienie Huisman 0713607204
	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur</i>

Van die saad wat homself saai is die oes nie baie werd nie –CJ Langenhoven

Baie geluk m met u  
verjaarsdag

# Die Krugertjie

**Gereformeerde kerk Pretoria(d)**

[www.gkpretoria.org.za](http://www.gkpretoria.org.za) OF  
[www.gk-pretoria.weebly.com](http://www.gk-pretoria.weebly.com)

Kerkkantoor Sr. Amanda Rheeder  
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)  
E-pos: [kantoor@gkpretoria.org.za](mailto:kantoor@gkpretoria.org.za) Faks: 0123265287  
Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154  
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar  
012- 3233194  
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745  
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106  
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

04 Augustus 2013

**EERSTE EREDIENS—(9h00)**

**Skriflesing:** Jeremia 32:1-25;42-44

**Teks:** Jeremia 32:14b

**Sing:** Ps. 89:1,3; Ps. 94:6,10;  
Ps. 143:1,2; Ps. 2:1,5

**KOOP GROND IN 'N ONGEWONE TYD**

Die Here laat 'n tronk besigheid gebeur wat mens eintlik stom laat. Dis ene geloof wat saak maak en wat in ons tyd ons met geloofsvertroue moet vervul, as Jeremia grond koop. Dink u dit in, stel u dit voor, as die Here se opdrag na Jeremia kom dat hy grond moet koop.

Daarmee saam het die Here gesê - *Neem hierdie briewe, hierdie koopbrief, die verseëelde een sowel as hierdie oop brief, en sit hulle in 'n erdepot, dat hulle baie dae kan bly bestaan....*

**KATKISASIE—** Katkisasie gaan voort

**TWEEDE EREDIENS— (ná katkisasie)**

**Skriflesing:** Psalm 33:10-11;

Judas1:1-4

**Dordtse Leerreëls :** Hoofstuk 5

Paragraaf 15

**Sing:** Ps. 89:11,14; Ps. 74:1,11,12;  
Ps. 62:1,7

**DIT IS INGEPRENT?!**

Dieselfde Heilige Gees wat daarvoor gesorg het dat die leer van die volharding op die bladsye van God se Woord geskryf moet staan, het dit ook op die harte van God se kinders ingeprent. Dit kan daarom met sekerheid bely word.

Ons belydenis het hiermee eintlik 'n tweeledige doel. Eerstens word die heerlijkheid van die Here vooropgestel. Tweedens het dit vir ons as gelowiges as 'n ryke troos om te weet God se kinders kan val en hard val maar hulle kan nooit uitval nie.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>

Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/TettoI>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by <http://bit.ly/12P9mzH>

**Predikant:**

Ds. Petrus Venter  
012- 3356130  
0847042348 (P) 0845119620(C)  
[pjventer@gkpretoria.org.za](mailto:pjventer@gkpretoria.org.za)  
9 de Laan 880  
Wonderboom-Suid  
[www.gk-pretoria.weebly.com](http://www.gk-pretoria.weebly.com)

**Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)****Vandag-Wyke 2 en 4**

Ouderlinge: Koo van der Merwe en Pieter v/d Dussen  
Diakens: Francois Keulder

**Volgende Sondag– Wyke 5 en 6**

Ouderlinge: Frik Eloff en Jan du Plessis  
Diakens: Wynand Du Venage

**DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...**

**Sr Susan Boersema** het 'n skielike terugslag in haar gesondheid gehad. Sy is op die stadium in 'n hospitaal in Upington. Ons vertrou dat daar gou beterskap mag wees. **Br Piet van der Kooi** se gesondheid gaan heeltyd agteruit. Hulle het verskuif na Fleurenville. Ons dink aan hom en sr Nelie en die familie in hierdie sware tyd. **Br Dries de Ridder** word aan die genadetroon van die Here opgedra en volle herstel toegebied, in sy gesondheidstoestand. **Br Jan Fanoy** moet DV op 20 Aug. 'n operasie ontvang om baie vroeë kwaadaardigheid te verwyder. Ons dink aan hom en gesin en bid dat die Here hom hierdeur sal dra. **Ds. Charles Zulu in Zambië se eggenote Roda** het laaste tyd baie las van haar gesondheid. Sy is weer ge-ruime tyd in Lusaka vir behandeling. Ds. Charles moet ook vroeg in die maand vir mediese ondersoek gaan. Ons dink ook aan hulle wat uit ons gemeente geroep is en daar vër moet arbei. **Br Lemmie v/d Linde**, van Upington het tye terugslae in sy gesondheid wat met asbestose verband hou. Ons vertrou dat die Here hom in sulke dae krag mag gee. **Sr Hester van Vuuren** wat swak is en baie dae groot ongemak moet verduur word aan die genadetroon van die Here opgedra. **Br Willie Buys** ondergaan tans mediese toetse en behandeling vir kwaadaardigheid by hom teenwoordig. Ons gebed is dat die Here hom in die tyd krag en genade mag skenk. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

**ZAMBIË – VOERTUIG**

Met groot dankbaarheid teenoor die Here het hierdie fondsinsameling van ons gemeente in die kerkverband sy R50 000 kerf bereik. Ons poog om 'n verdere R80 000 te verkry vir die bediening en sending-werk in Zambië 'n geskikte voertuig te verkry. Die harte en hande in die gemeente wat ook hiermee kan help word versoek om dit oop te maak as dit vir u moontlik is. Die brief vir u en die kerkverband kan gelees word by die volgende skakel.

<http://bit.ly/105wmGY>

As u gelde hiervoor kan gee, moet u dit in die kerk se bankrekening inbetaal. Merk net duidelik saam met u naam dat dit bestem is vir Zambië voertuig.

**KOLLEKTE**

<b>Vandag: 1ste diens</b>	DVB	Zambië
<b>2de diens</b>	DVB	Instandhouding
<b>11/08/2013 1ste diens</b>	Zimbabwe	Teol biblioteek
<b>2de diens</b>	DVB	Instandhouding

**Spes.-kollekte in die vooruitsig gestel**

1. Op Sondag 11 Aug. 2013 word DV weer 'n spes. kollekte tydens die ere-diens vir die nood van die gelowiges in Zimbabwe opgeneem.
2. Op Sondag 15 Sept. 2013 word DV 'n spes. kollekte vir die Gerf Kerk Uitenhage by die deure opgeneem waar die gemeente baie swaarkry.

**DAGBOEK**

DATUM	GEBEURTENIS
<b>Vandag</b>	Diakoniev-ergd
<b>15/08</b>	Oudl-vergd
<b>17/08</b>	65+ Funksie Algemene sustersvergd
<b>18/08</b>	Voorbereiding
<b>25/08</b>	Nagmaal en Nabetrugting
<b>10/09</b>	Finans-en Advies vergd
<b>12/09</b>	Kerkraadsvergd
<b>17/09</b>	Klassis-vergd Daspoort
<b>20/09</b>	Skole sluit
<b>20-22/09</b>	Gemeentekamp

**SUSTERS EN PAUL KRUGER-KINDERHUIS**

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kindershuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas.

Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

**DIE EVANGELIE: MATTHEÛS**

*Vervolg van verlede week*

**MATTHEÛS 5:6**

**5:6. Honger en dors na die geregtigheid.**

*Die offermaaltye by die Tempel verduidelik dit ook. Wat mense gebring het, is dadelik geheilig as God se eiendom, en hulle kon daaraan deel hê. Hy kom met sy volk saam, en is die Gasheer. Hy spysig hulle. So smaak hulle al iets van die ewige vreugde.*

*So spreek die Nagmaal ons ook aan. Dit skadu "groot Nagmaal" af, waarheen die uitverkorenes genooi is (Luk 14:6) – die Bruilofsmaal van die Lam (Matt 22:2). Daarmee sluit die Woord ook af: "Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlijkheid gee ... Salig is die wat genooi is na die Bruilofsmaal van die Lam" (Openb 19:7.9).*

*Die geregtigheid woonop die nuwe aarde (2 Petr 3:13). Uit Christus se verdienste kom dit ons toe. "Mag ons Hom dan aangryp deur die geloof, Hom wat ons geregtigheid is (Jer 33:16) Amen".*

**5:7. Barmhartiges – 1.Plek van die vyfde saligspreking.**

*Weer oor die ontwikkeling van die saligsprekinge, praat Totius oor die gang wat Jesus daarmee volg. Dit wys op die gang van God se werk. Die Grondwet se ontwikkeling word in die volgorde hier geteken, die Wet van die onverganklike Ryk. Mensyke het gefaal omdat hulle grondwette nie goed was nie. Ons moet let op die Wet as reël vir ons lewens. Daarvolgens weet ons of dit met ons goed gaan, Stap vir stap teken Jesus die pad.*

*'n Waarskuwing word gegee vir trae mense wat kla oor hulle sondetoestand, sonder dat hulle tot geloofsvrug kom. Uit die regte geestestoestand volg 'n lewe volgens die Wet, waarby die derde deel van die Kategismus uitkom. Geloof sonder werke is dood. Barmhartigheid moet nie net ontvang word nie, maar ook getoon word.*

*Oppas egter vir die wat van die pas-bekeerde verwag om nou volmaak te wees. Hulle lê weer 'n eensydige klem op die praktyk. [Die Metodisme wil 'n lys van goeie werke van jou hê.] In die vyfde saligspreking word "die vrug van die geloof duidelik geopenbaar." Barmhartigheid is die ontwikkeling van 'n genadegawe van God, wat in die Koninkryk moet wees. Wie dit ontvang het, dra dit nou uit.*

*Dit mag lyk asof die volgende verse net gaan oor die verhoudings tussen mense: barmhartigheid, vrede maak, vervolg word, beledig, kwaad spreek. Telkens staan die verhouding voor God*

*voorop: Barmhartig, want dit is aan ons betoon. Vrede maak, want ons het die vrede van God gevind. Vervolging, beledigings, ens., kom van die vyande van God.*

*V 7 praat van aktiewe goedhartigheid. Dit bestaan by mense wat genade betoon en meegevoel besit, selfs teenoor die wat dit nie verdien nie. Sien hierby Matt 18:23-35; Luk 10:25-37*

**2.Wat bedoel Jesus hiermee ?**

*Waar die vierde saligspreking van die hele Wet gepraat het, word nou net 'n deel deur Christus geneem. Besonder is ook dat Hy begin met die tweede tafel van die Wet oor liefde tot die naaste ! . . . barmhartigheid teenoor die ellendiges. "Salig is hy wat hom ontfarm, soos God Hom oor hóm ontfarm het. Dit is kenmerk van dissipelskap van Christus.*

*Christus noem hierdie 'n nuwe gebod (Joh 13:34). Die wêreld sonder Hom was een sonder die liefde. 'n Verklaarder, Lactantius, het gesê dat die heidense wysbegeerte daarvan niks leer nie. Wel ken die heiden by uitsondering medelye, maar georganiseer-de liefdadigheid ontbreek. Hulle ken vorms van vrygewigheid en kan baie bestee vir nuttige doeleindes, maar dit is in sy grond uit selfsug. Christelike liefde is selfverloën-end. [Baie "liefdadigheid" gaan om eie eer.]*

*Ware liefde was van die begin af kenmerk van die Kerk. Die liefdemaaltye was deel daarvan. "Dit is in die Kerk aangebore." Dit volg Christus na, wat Homself gegee het. Om net "Here ! Here !" te roep help nie.*

*Aaan die honderige word gegee, en hy word nie net bejammer nie. Die naakte word geklee. "Laat U Koninkryk kom", is ook 'n gebod om die nodige mense en middele vir almal. Om barmhartigheid te betoon is om in jou hart te ervaar wat saligheid is. Dit verklik ander en jousef.*

**3.Barmhartigheid bewys word –**

*Hulle sal dit in 'n nog groter mate van God ontvang. Ook hiermee wys Jesus op die einde. Hy het die Koninkryk belowe, gepraat van ontvang wat verloor is, gesê dat die aarde vernuwe sal wees en soos 'n versadigende maaltyd sal wees. Nou is die belofte dat die oordeel oor die onbarmhartiges nie oor die gelowiges sal kom nie. Dit is genade.*

*Oordeel ons mekaar hard, asof ons nie self beskuldigdes is nie ? Vluc van die selfsug, haat en verwaandheid. Lees Matt 25:34-46 hieroor. Word vervolg*

**HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-**

*1 Aug. 1888– Oprigting Staatsdrukkery; 2 Aug. 1778– Erasmus Smit geestelike leier van Voortrekkers gebore; 3 Aug. 1853– Eerste Alg Kerkvergd op Potchefstroom; 4 Aug. 1863– Erasmus Smit oorlede ; 4 Aug. 1688– Derde skip met Franse Hugenote vertrek uit Nederland; 5 Aug. 1866– Ds. Dirk Postma bevestig as predikant van Burgersdorp; 8 Aug. 1881– Teruggawe van Transvaal deur England; 10 Aug. 1783– Geboortedag van Louis Trichardt; 13 Aug. 1901– Kmdt. Kalman Lion Cachet sneuwel; 18 Aug. 1665– Eerste vaste predikant ds. Johan van Arkel kom in Kaapstad aan; 20 Aug. 1653– Eerste doopbediening aan die Kaap deur ds. Johannes Backerus; 24 Aug. 1572– Barthomeusnag; 25 Aug. 1688– Aankoms van eerste Franse Hugenote, 27 Aug. 1933– Eerste Afrikaanse vertaling van die Bybel in gebruik geneem; 28 Aug. 1887 Jopie Fourie gebore*